**Is daar ʻn Abraham of Abimeleg in jou lewe?**

**Gen 21:22-34**

**12 November 2023**

1. Vantevore: Geboorte van Isak was tree nader aan volle verbondsvervulling. Die Here het gedoen wat Hy beloof het, Abraham het gedoen wat die Here hom beveel het. Dit het gepaard gegaan met groot vreugde, maar ook spanning. Die Here het met Sara saamgestem dat Hagar/Ismael weggestuur moet word, want genadetyd het vir Ismael uitgeloop, en hy mag nie saam met Isak erf nie. Gal 4 interpreteer die gebeure allegories.
2. Gen 21:22-34: Abraham en Abimeleg sluit ʻn verdrag.
3. Die historiese gebeure in Gen 21:22-34
    a. Speel af in tyd van vorige interaksie met Abimeleg en Isak se geboorte (v22)
    b. Abimeleg = koning van Gerar, Filistyne (Gen 20:2, 21:34, 26:1)
    c. Abraham = vreemdeling in land, veeboer
    d. Abimeleg en Pigol (leërbevelvoerder) besoek Abraham en sy God – want God was met Abraham (vgl Gen 12:2, 15:1)
    e. Abimeleg wil verdrag van wedersydse trou met Abraham sluit – moet voortdurende verdrag wees – soortgelyk aan die Here se verbond met Abraham (v23, vgl Gen 17:7)
    f. Abraham het die eed gesweer (v24)
    g. Abraham roer die put aan waarop Abimeleg se dienaars beslag gelê het – Abimeleg pleit onkunde (v25-26)
    h. Abraham gee kleinvee/beeste ter sluiting van verdrag met Abimeleg, plus 7 ooilammers vir put (v27-30) – Abimeleg aanvaar dit
    i. Plek = Berseba = “put van eed” = “put van sewe” (v31)
    j. Abraham plant tamariskboom – roep die Here, die ewige God, aan (v32-34)
4. ʻn Geheelbeeld van Gen 20-21
    a. Drie insidente:
        - Gen 20:1-18 – Abimeleg neem Sara as vrou
        - Gen 21:1-21 – Geboorte van Isak
        - Gen 21:22-34 – Abraham en Abimeleg sluit ʼn verdrag. Abraham kry ʻn put
    b. Oënskynlike krisis van land en nageslag, lei tot geboorte van Isak en ʻn put – die werk van die ewige God
    c. Treffende aspekte:
        - Niks bedreig die vervulling van die beloftes van die Here nie
        - Die hand van die Here in die gebeure is selfs vir Abimeleg sigbaar
        - Abraham is aktiewe deelnemer, al is hy onvolmaak – hy is wakker
5. Toepassings
    a. Verstaan jy die groot einddoel van die Here? Verstaan jy ook die klein treetjies op pad na daardie einddoel?
    b. Die werk van die Here in Abraham het Abimeleg gefassineer. Wie is die ekwivalent van Abraham in jou lewe wat jou fassineer?
    c. Abraham was wakker om geleentheid te benut om die putkwessie op te los. Is jy wakker? Sien jy die putgeleenthede raak?
    d. Is daar ʻn Abimeleg in jou lewe – iemand wat gefassineer is deur die werk van die Here in jou?
    e. Is daar nie ʻn Abimeleg in jou lewe nie? Hoekom nie?
    f. Mag ons die lig vir die wêreld wees waardeur die Vader verheerlik word (Mat 5:16)